ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE

(ECHO GROUP)

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

Redakteur: S. SAM SELVA RAJ - In 16 Tale *Mederedakteur:* Sr. Marietjie Nelson

Vol. XV YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, JUNE 2021 **No. 1**

DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

Psalm 91:1-10

1. Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet,
2. hy sê vir die Here: "U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou."
3. Dit is Hy wat jou uit die voëlvanger se wip hou en jou bewaar van dodelike siekte.
4. Hy beskut jou onder sy vleuels en is vir jou 'n veilige skuilplek. Sy trou beskerm jou aan alle kante.
5. Jy hoef nie bang te wees vir gevaar in die nag of vir aanvalle oordag,
6. vir pes wat in die donker toeslaan of vir siekte wat helder oordag verwoesting saai nie.
7. Al val daar duisende langs jou, tienduisende by jou, vir jou sal niks tref nie.
8. Met jou eie oë sal jy sien hoe die goddelose gestraf word.
9. Omdat jy die Here as skuilplek geneem het, die Allerhoogste as jou beskermer,
10. sal geen onheil jou tref en geen plaag naby jou woonplek kom nie.

Word vervul met die volheid van God!

Be filled with the Fullness of GOD!

(Boodskap gelewer deur Pastoor Sam Selva Raj in die Moederkerk)

...Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julleheeltemal vervul word met die volheid van God (Efesiërs 3:19).

Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly

... verv. op bls. 3

'n Vriendelike versoek aan ons dierbare Broers en Susters

Soos julle almal weet, is dit vir ons moeilik om in al die behoeftes te voorsien soos die personeel se salarisse, uitgawes vir papier en ook reisuitgawes. Gewoonlik vra ons glad nie mense om in ons finansiële behoeftes te voorsien nie. Maar ons versoek die mense wat waarlik hierdie bediening liefhet, om hulle offergawes aan te stuur, by **wyse van Geldwissels, Tjek of NEFT, Paypal (Sam Selva Raj, sam@echoofhiscall.org), PhonePe, Gpay (98410 71858), Western Unior, MoneyGram** of op enige ander wyse en sodoende ons bediening te ondersteun. Wanneer julle sulke ondersteuning stuur, gee ons asseblief kennis per SMS, Whatsapp of telefoon. Ons is so dankbaar teenoor diegene wat ons ondersteun. **die Here sal julle sekerlik seën.**

Spreuke 17:17 "...jou broer is daar met die oog op jou nood"

Redakteur, Echo of His Call
98412 71858 / 98410 71858
E-pos:sam@echoofhiscall.org

ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

van julle geliefde broer...

We shall be satisfied with the goodness of Your house. Psalms 65:4

Geliefde broers en susters in die Here,

Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

CHIEF EDITORS

Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

MANAGING EDITOR

Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

EDITORIAL BOARD

Sis. **Jesy Veena Sam**
Bro. **M. Paul Raj,** M.A., B.Ed.
Sis. **Serena Bevin,** M.A., M.Phil., B.Ed.

CORE ADVISORS

Aud. **K. Puratchivendan,** M.Com., B.L.
Er. **C.G.S. Babu Rao,** B.Tech., M.Tech (DM)
Dr. **S. Rabinder Boaz,** M.S.
Dr. **J.R. Jeyabalan**
Adv. **N. Balaji,** B.Com., B.L.
Sis. **Ajitha Mary,** M.A.

PUBLISHER, PRINTER & PROPRIETOR

Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858

E.Mail ID

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

WEBSITES

www.echoofhiscall.org /
www.echoofhiscall.com

Ek vat hande met die lede van my gesin en bediening om ons Liefdevolle Verlosser Jesus Christus te dank en te loof wat die heelal beheer met sy Woorde.

Ja, God was goed vir ons in elke aspek van ons lewens. Hy beskerm, voorsien en bemagtig ons deur sy krag in al ons moeilike omstandighede. Hy het inderdaad verlede maand ons gesin beskerm toe ons aangeval is deur Covid 19. Ons is dankaar teenoor ons broers en susters wat saam met ons gestaan het en ons ondersteun het in hulle gebede in die tyd van ons teëspoed.

Ons is ook dankbaar teenoor God vir die broers en susters wat na vore gekom het om saam met ons te staan deur hulle gebede en ondersteuning om te sorg vir die onderskeie behoeftes van Echo of His Call Bedienings in hierdie donkerste periode van ons bediening. Ons het groot nood om te voorsien in ons onderskeie behoeftes soos salarisse vir die personeel, aankoop van papier, ensovoorts. Gewoonlik vra ons nooit vir ander om in ons finansiële behoeftes te voorsien nie. Maar ons versoek diegene wat waarlik hierdie bediening liefhet om julle gawes vir ons te stuur deur middel van poswissels, tjeks, betaling per telefoon, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram of op enige ander manier en ons te ondersteun in hierdie dienswerk. Wanneer julle julle ondersteuning stuur, gee ons asseblief kennis deur middel van SMS, WhatsApp of 'n telefoonoproep. Ons is so dankbaar teenoor almal wat ons ondersteun. Die Here sal julle sekerlik seën.

Op die oomblik het die regering van Indië ons oorsese bankrekeninge gesluit en ons verwag nuwe bankrekening-nommers. Dus, totdat julle van ons hoor, gebruik asseblief die volgende bankrekening om julle bydraes aan ons te stuur:

SAM SELVA RAJ
STATE BANK OF INDIA,
Triplicane Branch, Chennai.
Rekeningnommer: 102329 34679
IFSC Kode : SBIN 0000 249
Swift Code : SBI NIN BB 455

Ons is baie lief vir julle. Ons is gelukkig dat julle saam met ons was gedurende die afgelope 5 dekades. Om dié rede is ons in staat om vol te hou met ons Tydskrif bediening, BYBELKOR se Korrespondensiekursusse, Teologiese Korresponden siekursus, Nehemia Bybelkolleges, Kerke, ensovoorts sonder onderbreking.

Ons hoop om van julle te hoor. *"Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n*

droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie." Jeremia 17:7,8.

Die Covid 19-virus is vinnig besig om te versprei deur die nasies as 'n tweede golf met meer geweld en verwoesting as die eerste een. Nasies soos Indië, die VSA, Groot-Brittanje en die meeste Europese lande word kwaai getref. In hierdie tyd van groot ellende het ons geen ander toevlug as om tot die Here te bid om eens en vir altyd 'n einde te maak aan die verspreiding van die virus.

Ons hou vol om te bid vir julle beskerming onder die vlerke van die Here. *"Dit is Hy wat jou uit die voëlvanger se wip hou en jou bewaar van dodelike siekte"* (Psalm 91: 3).

Mag God julle seën!

Julle dienaar in Christus Jesus,

PASTOOR S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM.

---

verv. v. bls. 1

en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof (Efesiërs 4:14,15).

CHRISTELIKE LEWE – DIE EERSTE STAP

Om die Here Jesus Christus aan te neem as ons Verlosser, gedoop te word en die Kerk by te woon, dit alles behels die eerste stap van 'n Christelike lewe. Baie mense stop met hierdie stap. Hulle volg al die uiterlike formaliteite van Christenwees. Om in naam 'n Christelike lewe te lei, soos 'n gemiddelde Christen lei, is altyd gevaarlik. Dit kan enige tyd op 'n ramp uitloop. Dis die rede waarom ons moet aanbeweeg na die tweede stap. Die Bybel sê ons moet nie langer kinders wees nie, en opgroei in alle dinge na Christus toe wat die Hoof is (Efesiërs 4:14,15). Ons moet dus groei. Waar daar geen groei is nie, is daar stagnasie en uiteindelik verval. God het ons geroep met 'n groot doel. Hy het ons nie as 'n kudde as sulks geroep nie. Die Here het Abraham uit 'n groep afgodsaanbidders geroep en dit het Hom behaag om in hom alle nasies te seën. Hy het vir jou en my ook geroep vir 'n groot herlewing. Na die eerste stap moet ons dus onsself volledig wy aan die Here en definitiewe besluite neem om te lewe vir Christus en te werk vir Christus.

CHRISTELIKE LEWE – DIE TWEEDE STAP



In die tweede stap aanvaar ons Hom as ons Hoof, gewortel en gegrond in Hom en versterk deur die geloof. Ons moet vorder deur ons visie, ons ondervinding en die kennis wat ons ontvang. Die Gees sê baie duidelik dat ons soos groeiende kinders moet wees. God se boodskap wat ek met julle deel, sal julle geestelike lewe versterk en 'n geleentheid bied om groot dinge vir Hom te doen in hierdie wêreld.

1. GEWORTEL IN HOM

"Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul" (Kolossense 2:6,7).

Die Christenlewe is nie 'n skynheilige lewe na buite nie. 'n Christenlewe is dinamies en ondergaan elke dag veranderinge en is verbind om soos 'n plant te groei. Wanneer ons 'n plant in die grond plant, neem dit water en ander voedingstowwe uit die grond en saam met lug en sonlig bereik dit perfekte groei. Net so, moet 'n Christen wat die Here Jesus Christus aanvaar het, diep gewortel wees in Hom. As jy eenmaal diep gewortel is in Christus, kan jy enige uitdagings in die wêreld die hoof bied en die woeste winde van die wêreld sal geen mag oor jou hê nie. Jy kan alle stryd, moeilikhede, verraad en verdenking in die lewe oorkom. Die plant moet sy wortels diep uitstoot om die noodsaaklike voedingstowwe te kry. Net so moet ons diep in die kennis van God groei. Die loot moet stewig ingeent wees in die druiwestok, die Here Jesus Christus!

Hoe meer ons wag in die teenwoordigheid van God en ons tyd aan Hom gee, hoe meer word ons gewortel in die Here. Hoe meer ons die Woord van God liefhet, (die Bybel), dit lees en dit toepas in ons lewens, hoe meer word ons gewortel in Christus. Ons moet ons Bybel liefhê en omhels. Jy moet ook 'n spesiale plek hê om dit te hou. Ons hou ons geld op 'n veilige plek. Die Bybel behoort belangriker te wees as geld wat vergaan. Ons kan mense wat in Christus gewortel is, in twee sorte verdeel:

(i) Mense wat hulle lewens aan Hom wy en

(ii) Mense wat hulle eie begeertes aan God onderwerp.

Die een wat sy lewe en sy eie gedagtes en begeertes en die toekomsplanne van sy lewe aan

God onderwerp, dit is die een wat gewortel is in die Here. In die mate waarin jy in Christus gewortel is, in dié mate sal jy jou lewe aan die Here wy, in die mate sal jy jou behoeftes onderwerp en vertrou op die plan van God om deur die Here gelei te word. 'n Plant kan net gedy wanneer dit op dieselfde plek bly en behoorlik gevoed word. As ons 'n plant dikwels uithaal uit die grond, en dit op 'n ander plek plant, sal sy groei belemmer word. So ook in ons lewens, wanneer ons volgehou gawes van die Gees wil hê, en werklike groei, moet ons vashou aan God.

"En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is" (Romeine12:1,2).

Eerstens, as julle in die Here gewortel is, bied julle liggame as 'n lewende offer, dit wil sê wy julle lewens volledig aan die Here. Tweedens, moenie word soos hierdie wêreld deur toe te gee aan julle begeertes en wense nie. Ons moenie ander mense neem as rolmodelle en hulle patroon in ons lewens volg nie. Julle moet Jesus Christus as julle rolmodel neem'n Lewe wat in Christus gewortel is, sal so wees. Eers dan kan julle julleself verander om vrugte te dra en 'n seën te wees vir ander en 'n vervulde lewe lei.

In die huidige wêreld het die meeste van ons 'n geroetineerde lewe. In die oggend staan ons op en bid 'n kort gebed, maak ons oggendwerkies klaar, eet iets, gaan werk toe, kom terug in die aand, bid weer en dan gaan ons slaap. Ons het nie tyd om die Bybel te lees nie, nie tyd vir aanbidding en nie tyd om te dink aan God en sy wonderlike weë nie. Ons leef 'n heilige lewe op Sondag, maar nie op die ander dae van die week nie. Dit is 'n gevaarlike mode. Net op Sondae roep ons die Here aan en aanbid Hom. Hierdie lewenswyse behaag God nie. Dit is 'n oppervlakkige wêreldse lewe, dit is 'n skynheilige lewe. Christene vandag is tevrede met so 'n lewe. Dit is nie genoeg nie. Julle moet diep gewortel wees in Jesus Christus.

Dit is goed om boeke oor die Bybel te lees. Maar dit moenie die Bybel vervang nie, net as 'n gids dien om meer te lees. Iemand wat 'n boek met daaglikse meditasies geskryf het wat gebaseer is op die Bybel, skryf iets uit syeie ondervinding. Maar dit is nie voldoende vir daardie dag nie. Dis net 'n boek om oor die Bybel te lees en om die geheime van die Bybel te ken. Maar die lees van so 'n boek is nie genoeg om vooruit te gaan in jou geestelike lewe nie.

Party mense voel gevrede gestel met die lees van so 'n boek, pary lees net 'n versie wat op 'n kalender gedruk is voordat hulle kantoor toe gaan. Nog ander maak die Bybel oop en lees 'n vers en sê dan dat hulle die Bybel gelees het. As jy so 'n skynheilige lewe lei, sal daar 'n dag kom waarop jy mislei sal word. Op 'n tyd wanneer jy versoek word deur die verleier, wanneer daar 'n storm is in jou lewe, wanneer jy rondval en nie weet wat om te doen nie, sal jy verward wees om dat jy nie diep gewortel is in die Here nie.

As jy nie 'n geskikte tyd kan vind gedurende die dag nie, gaan sit in die oggend in die teen woordigheid van die Here en lees ten minste 'n hoofstuk uit die Bybel en dink na oor wat jy gelees het. As jy die deel lees "Die Here is my herder" vra vir jouself die volgende vrae: Is ek 'n skaaplam voor die Here? Volg ek die pad wat God vir my aangewys het?

Satan hou vandag die Christene in sy hande en laat hulle nie toe om te bid of om prominensie te gee aan die Woord van God nie. Jy moet die Bybel saam met God lees en sê, "O Here! Maak asseblief aan my bekend watter deel van my lewe moet verander. Wat is my tekortkominge? Wat is my swakhede? Wys vir my my sonde. In watter rigting is ek besig om te drywe? Wat is vir my die regte rigting om in voort te gaan? Wat sê u Woord vir my vir die probleme in my lewe?" Die Bybel sal jou beter kan vertel as 'n dienaar van God. Halleluja!

... verv. op bls. 6

Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

Ons bankbesonderhede:

ABSA BANK : Echo of His Call Missions
BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908
TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit
Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60@telkomsa.net

Address : **SIS. ELBINA SMITH**
DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,
JEFFREYS BAY 6330.

Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer

GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

GEBEDSPUNTE - 2021 Junie 19 Tot Julie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

SAKE VIR LOF EN DANK

Junie 19: Ons moet die Here loof vir sy oorvloedige seëninge wat op alle nasies van die wêreld uitgestort word.

Junie 20: Dank dat God met oorvloedige genade vir ons uitgawes van die afgelope maand voorsien het.

Junie 21: Laat ons God loof vir die beveiliging van ons sendelinge en hulle gesinne in die arbeidsveld.

Junie 22: Laat ons God loof vir die Moederkerk se aktiwiteite en die Sondagdienste in die laaste maand, voor die inperking.

Junie 23: Vir ons Staatkoördineerders en hulle gesinne.

Junie 24: Vir die mederedakteurs van ons **Echo of His Call** en vir hulle gesinne.

Junie 25: Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, subskripsievennote, Geloofsgenote en Groot Opdrag-vennote en hulle gesinslede.

Junie 26: Vir ons pastore en senior lede van die Moederkerk en wykskerke.

Junie 27: God het ons Moederkerk geseën met meer nuwelinge.

Junie 28: vir ons Evangeliese Drukpers en die volgehoue werking daavan deur bekwame werkers.

Junie 29: Laat ons God loof vir die Hoof, onderwysers en personeellede van ons **St. Paul's Matriculation School.**

Junie 30: Laat ons God loof wat ons in staat stel om die **Echo of His Call** in 17 tale te druk op ons Evangeliese Drukpers en dit uit te stuur na verskilende plekke.

Julie 01: Laat ons God dank wat vir ons meer studente gegee het vir ons BYBELKOR en Teologiese Korrespondensiekursusse.

Julie 02: Laat ons God dank vir die baie kere wat Hy ons gered het uit allerhande moeilikhede.

Julie 03: Ons Here beveilig steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

SAKE VIR GEBED

Julie 04: Laat ons tot God bid vir ons maandelikse uitgawes.

Julie 05: Laat ons bid vir ons bedieningsaktiwiteite en vir uitbreiding.

Julie 06: Dank dat God ons personeel en drukkers veilig en gesond gehou het op ons persele gedurende al die ure wat hulle gewerk het.

Julie 07: Bid vir ons Vennote in die bedieningsaktiwiteite en vir die Staatkoördineerders van ons **Echo of His Call**.

Julie 08: Vir uitbreiding van ons bediening en die wêreldwye verspreiding van die evangelie.

Julie 09: Laat ons bid vir ons Engelse Mederedakteur, Br. M. Paulraj vir volkome genesing en 'nrustige lewe.

Julie 10: Bid dat God ons in staat stel om die Woord van God te versprei na onbereikte plekke in Indië.

Julie 11: Bid vir die volkome bevryding van dwelmverskaafdes en boosdoeners.

Julie 12: Bid vir eenheid en vrede onder alle nasies.

Julie 13: Vir al die kerke van die wêreld om sterk te bly in integriteit.

Julie 14: Bid tot God om elkeen van die **Echo of His Call** veilig en gesonder te hou te midde van die Covid-19.

Julie 15: Dat God in genade die volkome uitroeiing van die Coronavirus op die wêreld sal gee.

Julie 16: Dat ons die gebede sal volhou vir die welsyn van al die lede van die Moederkerk en wykskerke.

Julie 17: Vir die veiligheid van alle vroue en kinders oor die wêreld.

Julie 18: Dra in gebed ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin op vir bewaring teen alle bose magte.

verv. van bls.4

Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie" (Kolossense 2:8).

So, volgens die misleiding en filosofie van die manne van hierdie wêreld, word die lewens van baie mense vandag verkwis. As jy gereeld die Bybel lees, hoofstuk vir hoofstuk, vers vir vers, sal die Heilige Gees met jou praat. Jy hoef nie na iemand toe te gaan of na enige plek toe om jou toekoms te wete te kom nie. Wees diep gewortel in Hom. Pasop vir leë bedrog.

2. OPGEBOU IN HOM

Die Bybel sê, "... in Hom gewortel en op Hom gebou" (Kolossense 2:7).

Ons moet gebou wees op Jesus Christus. Ons moet op Hom gebou wees soos 'n stad wat stewig opgetrek is.

"Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing" (Kolossense 3:16).

Hoeveel van ons sing vrolik om die Here te prys? Ons moet ook stewig saamgevoeg wees. Mense wat na ons kyk, moet sê dat ons kinders van God is.

Ons moet heg saam gebou wees, sodat mense met wie ons omgaan, die liefde van God is ons kan sien. 'n Godvresende mens sal op hierdie manier geseën word. Ons moet op Hom gebou wees – sodat ons ander kan dien, ander kan help deur hulle te onderrig ensovoorts. Dan sal ons 'n seën vir ander mense wees. Vandag is die meeste mense se lewens gebou op hulleself, gebou op hulle begeertes en nie op die Here nie. Gevolglik is daar geen vrugte in hulle lewe nie, daar is nie 'n manier waarop hulle kan groei nie. Ons staar misluk kings in die gesig as ons in gebreke bly om op die regte tyd te bou.

Dit is gevaarlik om slegs na God te kyk wanneer daar een of ander moeilikheid in 'n mens se lewe is. Wanneer dit goed gaan in jou lewe, moet jy God liefhê. As jy dit doen, sal jy op Hom gebou wees. Wanneer mense 'n gemaklike stadium in hulle lewe bereik, vergeet hulle die Here. Hulle hou op om kerk toe te gaan. As jy al die gemak het, en jy verag God, sal niemand jou help wanneer teenspoed toeslaan nie. Ons moet nooit vergeet nie dat die Here ons aangestel het vir iets wat ons oë nie kan sien nie. Al die dinge in hierdie wêreld is bestem vir volledige vernietiging. Maar wat aan ons opgedra is, is ewig. Ons moet dit nie vergeet nie.

Jy het die salwing van die Heilige Gees en jy is die tempel van God. Wat van jou dienswerk? Mense wat aangebied het om hulle lewens te offer vir die bekendstelling van die Evangelie, hardloop vandag weg van hulle bedienings. Hulle het in God geglo toe daar 'n behoefte was en toe hulle behoeftes vervul is, het hulle weggehardloop van die diens aan God. Sommige ouers bekommer hulle omdat hulle kinders hulle nie gehoorsaam nie.

Die rede vir hulle ongehoorsaamheid is hulle ouers. Die Bybel sê wanneer jy die Bybel vergeet, sal die Here jou kinders vergeet (Hosea 4:6). Vandag is die probleem in die meeste gesinne hulle kinders. Toe jou kinders klein was, het jy hulle aan die hand gevat en hulle kerk toe gebring. En as hulle opgegroei het, behoort hulle jou te volg. As dit nie die situasie in jou gesin is nie, dan het daar êrens iets verkeerd gegaan. Julle is die kinders van God. Julle moet ook julle kinders grootmaak in die weë van die Here. Dan sal seën ook jou kinders volg.

3. OM MET HOM TE WANDEL

"… sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God" (Kolossense 1:10).

Jy moet 'n werktuig van God word wat sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Moenie op die pad van sondaars loop nie. Groei in die kennis van die Here. Onderwerp jouself aan God. Moenie na plekke toe gaan waar slegte aktiwiteite plaasvind nie. Moet ook nie jou kinders toelaat om na sulke plekke te gaan nie. As jy gaan, sal daar 'n

Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

Vir besonderhede : Die Sekretaris
Theological Correspondence Course,
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

dag kom wanneer jy tot die Here sal roep om jou te red. Jy sal huil. Terwyl God jou dan waarsku, leer jy om met God te wandel. Maak 'n gewoonte daarvan om dinge met God te doen. Psalm 1:1 sê baie duidelik vir jou "Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan nie." Moenie na 'n man luister wat nie vir Christus ken nie. Jy moenie wandel met mense, nie met die onregverdiges nie, nie met die wêreld nie en ook nie met jou vriende nie, maar net met Christus.

4. OM VAS TE STAAN IN DIE GELOOF

Of die situasie nou goed of sleg is, ons moet vas staan in ons geloof. Dit is maklik om vas te wees in ons geloof wanneer die omstandighede goed is. Miskien is geloof dan nie nodig nie. Maar Abraham was 'n pilaar van geloof toe hy in 'n baie onwaarskyblike situasie was. God het hom belowe dat Hy hom 'n seun sou gee toe hy 75 jaar oud was en hy het gewag tot 99. Hy het nie gemurmureer nie. Hy het God volkome vertrou in geloof. Hy het geglo dat as God iets besonders gesê het, dit sou gebeur. Jy moet ook leer om vas te staan selfs as jy alleen moet staan vir die doel waarvoor jy geroep is.

Vandag se vriende mag dalk môre se vyande wees. Moet dus nie jou geloof plaas in jou vriende of geld nie. Glo slegs in die Here. Dis die enigste manier om jou geloof te behou.

5. NEEM TOE IN DIE GELOOF

Julle is nie meer babas nie. Groei in die geloof. Julle moet in staat wees om onwankelbare dinge te doen in die geloof. Ons moet in staat wees om groot dinge te doen en oorwinning te behaal oor die bose magte wat teen ons is. Die Bybel sê oor Abraham, Noag en baie van ons voorvaders dat hulle toegeneem het in geloof. Hulle het manne van groot geloof geword.

"Dít verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan" (Johannes 14:12).

Vir God was twee visse en vyf broodjies genoeg om vyf duisend te voed. Dit is dus nie nodig dat ons moet klaarkom met onvoldoende geld nie. In ons behoeftes sal voorsien word. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie (Matteus 6:34). As jou geloof toeneem, kan jy groter dinge doen.

"Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra" (Johannes 15:16).

Moet asseblief nie dink dat jy God gekies het nie. Nee, jy het nie vir God gekies nie, maar God het jou gekies. Wees dan standvastig in die geloof!

****

Een Eensame Lewe

New Testament "HAND BOOK' - Rev. DICK WOODWARD

Hy is gebore in 'n onbelangrike dorpie, die kind van 'n eenvoudige vrou.

Hy het in 'n skrynwerkers winkel gewerk tot Hy dertig jaar oud was, en daarna het Hy vir drie jaar in die land rondgereis, en telkens lank genoeg vertoef om te praat met die mense en na hulle te luister en te help waar Hy kon.

Hy het nooit 'n boek geskryf nie

Hy het nooit 'n topverkoper plaat gemaak nie

Hy het nooit verder geleer nie

Hy het nooit 'n amp beklee nie

Hy het nooit 'n gesin gehad of 'n huis besit nie.

Hy het nooit enige van die dinge gedoen wat gewoonlik met grootheid gepaard gaan nie.

Hy het geen getuigskrifte gehad nie behalwe Homself.

Maar toe Hy 33 jaar oud was, het die publiek teen Hom gedraai, en sy vriende het Hom almal verwerp.

Toe Hy gearresteer is, was daar weiniges wat enigiets met Hom te doen wou hê. Na die verhoor is Hy tereggestel deur die staat saam met bekende rowers. Slegs omdat 'n vrygewige vriend sy eie graf aangebied het, was daar 'n plek om Hom te begrawe. Dit het alles twintig eeue gelede gebeur en nogtans is Hy vandag die leidende figuur van die mensdom, en die hoogste voorbeeld van liefde.

Nou is dit nie oordrewe om te sê dat al die leërs wat ooit opgeruk het, al die vlote wat ooit die see bevaar het, al die regeerders wat ooit aan bewind was, en al die

konings wat ooit op aarde geregeer het – almal tesame, het nie die lewe van die mense op aarde

THIS IS YOUR MINISTRY! PLEASE DO IT FOR GOD'S GLORY!! WE NEED MORE READERS !!!

Please write below atleast 10 names, addresses, E.mail addresses and Cell Phone Numbers of your friends and relatives. We will send **Echo of His Call Magazine** to them as a gift from you each month freely.

1._____

_____

2._____

_____

3._____

_____

4._____

_____

5._____

_____

6._____

_____

7._____

_____

8._____

_____

9._____

_____

10._____

_____

geraak soos hierdie Een Eensame Lewe nie! (Fred Bock).

Jesus het die lewens van 'n wye verskeidenheid mense aangeraak toe Hy twee duisend jaar gelede die aarde bewandel het. Toe Hy met die Skrifgeleerdes en Fariseërs gepraat het, het Hy gesê tollenaars en hoere wat hulleself bekeer het onder die prediking van Johannes die Doper, sou voor hulle die koninkryk van God binnegaan! Dit was sy manier om vir hule te sê, "Julle professie, al julle uitwendige versierings, julle 'geestelike statussimbole' waarborg nie 'n plek in die hemel vir julle nie. Wat saak maak, is hoe julle lewe – julle lewens demonstreer die feit dat God nie julle koning is nie, en dat julle nie sy lojale onderdane is wat in sy wingerd werk en sy wil op aarde doen soos dit in die hemel geskied nie."

'n Ander gedagte hier wat duidelik is vir elke ervare pastoor, is dat dat die mense wat uiterlik lyk soos sondaars, dit wil sê in terme van hulle professie, somtyds baie nader is aan die koninkryk as dié wat 'n groot openlike professie maak van godsdiens.

As ons hierdie gedagtes toepas op ons kultuur van vandag, vind ons dat dit die klem op praktiese toepassing in die lewe is wat ons moet hoor. In die sekulêre wêreld is daar vandag 'n buitenge wone klem op aanbevelingsbriewe. Jesus was nie teen aanbevelings briewe nie, maar dit lyk of die stelling wat Hy hier maak, bedoel is om ons daaraan te herinner dat aanbevelingsbriewe nie nood wendig kwalifikasies is nie. Aanbevelingsbriewe sê ons is

... verv. op bls. 10

PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"God sy dank vir sy onuitspreeklike gawe" Matteus 24:15

"Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet." Matteus 10:8

Onlangs het 'n stoere nie-Christen jongman na my gekom en vertel dat sy moeder van omtrent 40 jaar aan 'n erge siekte gely het vir 'n lang tyd en dat al die geestelike en mediese pogings wat vir haar aangewend is, tevergeefs was. Hy het bygevoeg dat die mediese gemeenskap haar gefaal het aangesien die medisyne en operasies wat tot sover aangewend is, tevergeefs geblyk het. Hulle het ook nie nog meer geld gehad om uit te gee nie. Maar die vrou se lyding het van dag tot dag toegeneem. Die jongman het my gesmeek om saam met na die hospitaal toe te gaan en vir sy moeder te bid.

Hoewel ek te besig was met my preekvoorbereidig, het ek die tyd gemaak en na die hospitaal gegaan. Aangesien sy in 'n kritieke toestand was, is ek nie toegelaat om in die saal in te gaan nie, en ek het dus vir haar familie gesê ek sal van my Kerk af bid. Maar die familie lede het my nie toegelaat om die plek te verlaat nie, en soos kinders begin huil en my gedwing om op die plek te bid tot die Here Jesus Christus om Hom oor hulle te ontferm deur 'n spesiale genesende aanraking van die Hemelse Vader.

Uiteindelik het ek toegegee en almal van hulle bymekaar geroep op een plek en moed gekry van die Here en met hulle gedeel wat die Here Jesus Christus kan doen in 'n mens se lewe in tye van moeilikheid, probleme en gevaar. Ons het saam gebid vir die genesing van daardie vrou. Gou na die afsluiting van ons gebed en nadat ons ons oë oopgemaak het, het ek 'n man gesien wat na ons toe kom saam met sy mediese assistente. Hy het na my toe gekom en my hande geskud en in hereinnering geroep die genesing wat sy seun ontvang het van 'n buitengewone siekte deur my gebede omtrent fyftien jaar tevore en my gevra hoekom ek saam met die groot groep mense daar was.

Ek het aan hom verduidelik van die dringende nood van die vrou wat besig was om te veg vir haar lewe. Hy het geantwoord, "Broer Sam, ek is die Hoofgenesheer van hierdie departement. Jou pasiënt is ook onder die sorg van my assistente. Ek sal nou persoonlik gaan en die nodige doen en toesien dat sy behoorlike behandeling kry vir haar onmiddellike herstel". Hy het my ook versoek om die plek met vertroue te verlaat.

Na 'n paar dae het die gesin na my gekom met die goeie nuus dat sy 'n suksesvolle operasie ondergaan het en ook verdere behandeling en dat sy genees is. God het ons gebed gehoor en die regte persoon gestuur om haar die verlangde behandeling te gee. Hulle was vol geloof en dankbaar vir die seën wat hulle ontvang het in die naam van die Here en Verlosser Jesus Christus.

Liewe leser, dieselfde God is nog daar vir jou. Vertrou jou lewe aan Hom toe en erken Hom as jou God en Verlosser. Hy sal jou nie sonder troos laat nie, en Hy sal sekerlik kom en vir jou sorg (Johannes 14:18).

Mag God julle seën.

"Wie verstandig is, moet op hierdie dinge ag gee…"
Psalm 107:43

❋❋❋❋❋❋❋❋❋❋❋❋❋

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/19-21

verv. v. bls.8

gekwalifiseer, maar uiteindelik is dit die werk wat ons lewer wat die feit demonstreer dat ons bekwaam is. Dis waarom 'n goeie CV nie net ons aanbevelings lys wat sê ons is gekwalifiseer nie, maar ook uiteensit wat ons gedoen het, ons ondervinding, wat bewys dat ons regtig bekwaam is! Die wêreld van institutionele Christendom lê buitengewone klem op die belydenis van ons geloof ons leer en op teologie. Dit lyk of die groot vraag is, "het jy daardie besluit gemaak of die belydenis gedoen? Het jy aangesluit by die kerk of die kaart geteken dat jy so 'n besluit geneem het? Weet jy wat jy glo en presies waar jy verskil van diegene in die koninkryk wat nie presies glo soos wat jy glo nie?" Sommige gelowiges skep die indruk dat die oordeel 'n goort "finale eksamen" in teologie gaan wees. Maar Jesus sê vir ons dat die toets by die oordeel sal wees of jy die hongerige kos gegee het, het jy die siekes besoek en dié wat in die tronk was. Het jy gasvryheid betoon aan die eensames, het jy dié geklee wat nakend was of 'n beker koue water aan die dorstige gebied? Op die berg het Hy vir ons gesê baie sal sê as hulle veroordeel word, "Here, Here", maar Hy sal vir hulle sê om weg te gaan, want Hy het hulle nooit geken nie en hulle het nie die wil van die Vader gedoen nie. Hy het sy bergrede afgesluit deur te vertel dat belydenis sonder optrede 'n huis is sonder fondament, maar belydenis saam met die regte optrede is 'n huis wat op 'n soliede rotsfondament gebou is wat stewig sal staan teen die storms van die lewe.

Jesus was 'n groot Leermeester, en Hy het onderrig beklemtoon. Soos ons voorheen uitgewys het, bevat omtrent een derde van die Evangelies die onderrig van Jesus. Hy het dus gevoel dat dit belangrik is wat ons glo. Met ander woorde, Hy het groot klem gelê op die propaganda van die Koninkryk. Sy punt hier is egter blykbaar dat belydenis sonder die regte optrede 'n verdraaiing is van die boodskap.

ECHO OF HIS CALL

Monthly magazines in 16 languages, Bible Colleges, Postal Courses, Church Planting, Village English High School, Gospel Printing Press, Crusades, Seminars, Social Services, etc.

Annual Subscription : Rs. 100/- **Life Subscription : Rs. 2000/-**

The multifarious activities of **Echo of His Call Ministries** is supported by the free-will offerings and donations of the God's Children like you. You may support **Echo of His Call** and its activities as the Lord leads you. We need your help to send forth the Gospel to the unreached people and plant Churches.

If you would like to receive **ECHO OF HIS CALL** magazines regularly, please write to us. `Whenever you change your postal or E.mail addresses, please do inform us your old and new addresses.

Echo of His Call is available in 16 languages in our websites also. You can read them by going into the site as well as downloading them and get blessed.

Your letters, prayer requests and your financial helps (**Money Orders, Cheques or Demand Drafts, NEFT, PayPal (Sam Selva Raj, sam@echoofhiscall.org) PhonePe (98410 71858), Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram**) to **ECHO OF HIS CALL** may please be sent to the address below.

Please send your **Land Phone / Mobile Phone Numbers and E.mail addresses** for updation.

ECHO OF HIS CALL

10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai - 600 005, India
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858,
98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.echoofhiscall.com

YOU CAN SEND YOUR DONATIONS BY ONLINE ALSO

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/19-21
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel" on 4th JUNE 2021

If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

JESUS LOVES YOU!

To

GOD BLESS YOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No. 18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk,, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**